# *KYK NA DIE ONSIGBARE*

. . . seën julle. Laat ons net 'n oomblik bly staan vir gebed, terwyl ons ons hoofde buig.

2 Almagtige God, die Skepper van Hemel en aarde, en die Outeur van ewigdurende Lewe, en die Gewer van elke goeie en volmaakte gawe, aan U, O Here, Wat Jesus U Seun opgewek het op die derde dag vir ons troos dat ons met U versoen kan word, geregverdig deur geloof, deur die storie te glo, bid ons dat U ons vanaand sal opwek, Here, U kinders, na 'n hoër hoogtes en 'n dieper dieptes van U Ewige Teenwoordigheid. Mag ons U herken, Here. En mag daar nuwe geloof kom vanaand, iets wat net ons siele sal laat brand met outydse Pinkstervuur.

3 Onthou hulle, Here, vanaand, wat swak is en swak knieë en swak hande, ons bid dat hulle versterk sal word vanaand deur die Teenwoordigheid van U Gees. Bring daardie dwalendes terug na die kudde toe. En hulle almal, Here, wat U nog nooit aanvaar het as hulle persoonlike Verlosser nie, mag hierdie die aand wees dat hulle dit eens en vir altyd sal afhandel. En dan, Here, onthou hulle wat siek en beproef is, wat so behoeftig is, mag hulle 'n opstanding hê vanaand tot nuwe gesondheid, nuwe hoop, nuwe geloof. Skenk dit, Here. Praat met ons deur U Woord soos ons verder wag. In die Naam van Jesus, U Seun, vra ons dit. Amen.

4 Julle mag maar sit. Dis so goed om elke aand terug te kom na die huis van die Here. Ek ken geen plek waar ek liewer sou wou wees vanaand, behalwe as dit in die Hemel was saam met al die verlostes nie, as om te staan by die mense wat alreeds verlos is en wag vir hulle Here om hulle te kom ontvang; so omdat ons nie alreeds daar is nie, is ons by hulle wat gereed is om te gaan. So bly om "Een van hulle" genoem te word.

5 Ek wil graag net 'n vers lees vanaand uit Twee Korinthiërs die 4de hoofstuk, die 18de vers.

*Omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, . . .*

6 En my onderwerp vanaand is: *Kyk Na Die Onsigbare*.

7 Daar word vir ons vertel dat ons 'n uiterlike mens en 'n innerlike mens het; en die uiterlike mens kyk met sy oë, en die innerlike mens wandel deur geloof. So ons moet gelei word deur een van hierdie twee persone, buitekant, uiterlike mens is self, innerlike mens is God. Julle sien, ons sien nie met ons oë nie, hoewel ons baiekeer gedink het dat ons met ons oë sien, ons *kyk* net met ons oë, ons *sien* met ons hart.

8 Jesus het eenkeer vir Nikodémus gesê: "As iemand nie gebore word uit die Gees nie, kan hy die Koninkryk van God nie *sien* nie." Met ander woorde, Hy het dit bedoel: Jy kan nie die

Koninkryk van God verstaan totdat jy wedergebore is nie. So jy moet eers ’n poging aanwend om dit te aanvaar, en dan, nadat jy dit aanvaar het, dan is jy in staat om dit te verstaan.

9 Ek het altyd gesê, as ’n klein seuntjie, klink amper ontheiligend om dit hier op die platvorm te sê, ons het altyd Banier Maker gespeel, as ons buite in die ou swemgat gaan swem het. En hoeveel seuntjies wat grootgemaak is in die platteland, ken nie die ou swemgat nie! Wanneer ons ’n paar minute tyd van die werk af gekry het, of na heeldag hooi gelaai het, sou ons buite na die swemgat toe gehardloop en gaan swem het.

10 En ons het altyd ’n groot wal gehad by hierdie swemgat waar ek sou ingaan. En ons moes ’n Banier Maker hê, hy moes vooruit gaan, en hy het regtig ’n werk op sy hande gehad. So wanneer al die kêrels naby die water sou kom, sou dit partymaal ’n bietjie laat in die herfs wees, en daar was fonteine wat hierdie stroom gevoed het, en die water het partymaal baie koud geword. En ons sou uitgaan en hardloop net so vinnig as wat ons kon, en die laaste een wat in die water gekom het, moes die Banier Maker wees.

11 Wel, ek was nooit Banier Maker nie, want ek was gewoonlik die eerste een in, en die res van hulle moes die moeite doen om ’n hemp uit te trek, of ’n paar kruisbande los te maak, maar, gewoonlik, het ek net ’n oorpak aangehad met ’n voertou vir kruisbande en ’n spyker aan die onderkant. Ek weet nie of julle dit al ooit gehad het of nie. En die enigste ding wat ek moes doen, is net om daardie spyker te trek en die oorpak het in die lug gestaan en ek was in die water.

12 En dan het hulle soort van na my gekyk om vir hulle ’n teken te gee, of die water koud was en of dit warm was. Nou, as ek een vinger opgehou het, het dit beteken die water was koud: “Kom versigtig in, manne.” Maar as ek twee vingers opgehou het, was die water warm; ek was ’n getuie, ek het dit alreeds getoets. En nou, as daar enige hier is vanaand wat dalk nie wedergebore is nie, kom net in, die water is lekker, ek kan daarvan getuig.

13 ’n Tyd gelede het die kritici altyd gesê dat God beslis ’n fout gemaak het toe Hy gesê het: “Soos ’n mens in sy hart dink, so is hy.” Maar later vind hulle nou uit dat God reg was. Hulle het gesê ’n man het geen verstandelike vermoëns in sy hart nie, en dat as God gesê het dat sy hart, Hy miskien sy kop bedoel het. Maar God maak nie enige foute nie, toe Hy sy hart gesê het, het Hy sy hart bedoel, net soos Hy al Sy ander stellings maak, hulle is volmaak en hulle het geen vertaling nodig nie, hulle is net soos God hulle gesê het: nie vir ’n ander eeu of ’n ander tyd nie, maar vir “wie ook al wil,” te alle tye: want God se Woord is volmaak, ewigdurend, Ewig, soos wat Hy Ewig is.

14 So omtrent vier jaar gelede bo in Chicago, het ek ’n groot hoofopskrif in ’n koerant gelees waar dat die mediese wetenskap

’n kompartementjie in die hart gevind het van ’n menslike wese wat nie eens ’n sel daarin gehad het nie, dit is nie in die dierelewe gevind nie, dit is slegs in die menslike liggaam gevind, die menslike hart, en hulle het gesê dit moes die woonplek van die siel gewees het. So, dan dink die mens wel met sy hart. Jy kyk met jou oë, maar jy verstaan met jou hart.

15 Toe God die mens gemaak het, het Hy hom so gemaak, want Hy het hierdie klein, sekere kompartementjie in die mens gemaak vir Sy Eie troon, Sy beheertoring. God wil die mens lei, maar die mens wil homself lei, daarom is daar ’n stryd, voortdurend. Die mens wil agter dit aangaan wat hy met sy oog sien, dis waar hy mislei word. Dis waar Satan vir Eva mislei het, deur wat sy kon sien, die vrugte was aangenaam vir die oog, maar dit was dood vir die siel.

16 So is dit vanaand, God wil die mens lei, so Hy het vir Homself ’n beheertorinkie in die middel van sy hart gemaak, sodat die mens gelei sou word deur die Gees van God. Om agter sy eie leiding aan te gaan, is wat hom geskei het van Sy gemeenskap, te kyk na wat hy met sy oog kon sien. En dis waar hy nog vanaand staan, hulle almal wat gelei word deur sulke dinge.

17 Maar die Skrif sê dat: “Seuns en dogters van God gelei word deur die Gees van God.” Jou emosies is jou beheer. En julle kan oplet, ’n man of ’n vrou wat die dinge van die wêreld probeer volg, hulle kan God nooit behaag nie; maar ’n man of ’n vrou wat nie na die dinge van die wêreld sal kyk nie, maar net gaan volgens die leiding van die Gees, hulle is gewoonlik binne die wil van God. Dit is die groot geveg vanaand: Satan het die oog geneem, ’n man se kop, om hom te beheer met sy kop, God het sy hart geneem.

18 Die mens probeer altyd iets bereik met sy kop, hy’s veronderstel om te bereik, maar met sy hart, dis die beheertoring waar God hom beheer, en sy gedagtes rig, sy wandel rig, sy emosies rig.

19 Partymaal raak ek so bly dat ek dit net moet laat uitkom. En as ek rondkyk en iemand sien, dan, sien, dan het ek my oë op mense, maar God help my om my oë toe te hou, ek wil net gelei word deur die Gees van God dat die vlees niks daarmee te doen sal hê nie.

20 Gewoonlik, predikers wanneer hulle op die preekstoel kom, begin hulle dink: “As ek oor ’n *sekere-sekere* ding praat, hier is ’n sekere lidmaat van my kerk wat ’n—’n goeie betaler in hierdie kerk is, hulle sal die kerk verlaat.” En dan gaan kyk jy weer na die vlees, dan kan God nie daardie prediker lei nie. Jy moet sê wat die Gees sê om te sê, dan word ons gelei deur die Gees van God.

21 En ons vind dat hierdie man beheer word deur ’n beheertoring, en daardie toring maak hom wat hy is, dit beweeg hom, dis sy emosies, hy lewe daarvolgens.

22 Nou, Hy het ons vergelyk met skape, ’n skaap is heeltemal verlore sonder ’n leier. Nou, as julle ooit met skape geboer het, weet julle hoe waar dit is. En as julle ooit na ’n slagplaas toe gegaan het, ek dink dis een van die jammerlikste gevalle van dierelewe, om die slag van skape te sien. Die outjie maak net staat op iets om hulle te lei. En weet julle wat hulle neem om die skape na die slagting te lei? ’n Bok. Hy lei die skape reguit in die slaghok in en hy gaan op in die gang saam met hulle, dan wanneer dit kom by die plek om doodgemaak te word, spring die bok uit, en die skaap gaan reguit aan na sy slagting toe.

23 En dis omtrent waar van menslike lewe vandag, die duiwel sal jou reg in die slaghok inlei as hy kan. Hy sal jou in verwarring inlei, hy sal jou iets laat sien wat mooi lyk en lyk asof dit so aangenaam vir die oog mag wees, wanneer die Heilige Gees dit veroordeel en sê om dit nie te glo nie. So, ons behoort die leiding van die Heilige Gees altyd te volg; en jy kan nie die leiding van die Gees volg voor die Gees in jou hart is om jou te lei nie.

24 Ek het Broer Duffield so pas ’n stelling hoor maak van sommige wat *dit* sê en sommige wat *dat* sê; ek het gestaan net in Mev. McPherson se kamer daar waar sy gewoonlik gewag het. Ek hou daarvan om daar in te gaan en te bid, want ek weet dis ’n kamertjie, miskien, waar sy gewag het en ander gewag het, soos Paul Rader en groot mense wat tevore in hierdie tempel gepreek het, waar hulle gewag het op die Gees om te weet wat om te sê wanneer hulle hiernatoe gekom het. En soms word jou boodskap heeltemal verander van waaroor jy sou preek.

25 Maar God weet wat Hy doen solank Hy lei. Julle sien, jy moet altyd gaan volgens die Gees, en die Gees sal altyd saamstem met die Woord. Nou, as die Gees jou teenstrydig met die Woord lei, dan is dit nie die Gees van God nie. Nou, as die Heilige Gees jou lei, sal Dit sê: “Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid.” As dit ’n godsdienstige gees is, of ’n ander soort gees wat nie die Gees van God is nie, sal dit sê: “Dit was vir ’n dag wat verby is, nie nou nie.” Hoe kan jy dit reg laat optree? Want Dit het gesê Hy is dieselfde. O, ek’s so bly om die Heilige Gees te hê!

26 Sien, God wat dit vooruit gesien het, het Jesus gesê: “Ek sal julle nie sonder troos agterlaat nie, maar Ek sal tot die Vader bid, en Hy sal vir julle ’n ander Trooster stuur, wat die Heilige Gees is, en Hy sal vir ewig by julle bly, en wanneer Hy kom, sal Hy van My getuig en vir julle dinge wys wat sal kom, die Gees van die waarheid; vir Wie die wêreld nie kan ontvang nie.” O, hoe bly is ons om daardie Gees van waarheid te sien getuig saam met Sy Woord, dat Dit die Gees van waarheid is. Dan, seuns en dogters,

volg Dit, Dit sal reg tussen die buiteblaaie van die Bybel bly en elke belofte bevestig wat God gemaak het.

27 Skape is verlore, en so is ons verlore sonder 'n Leier, ons moet gelei word; dierelewe word gelei. Ek is seker omtrent almal van julle het gesien, ek dink dit was in *Look* tydskrif hier 'n tyd gelede, hulle het 'n artikel oor wilde ganse gehad, hoedat God elke herfs van die jaar daardie ganse 'n groot byeenkoms laat hou, 'n herlewing, en hulle kom van elke moerassie af, bymekaar. Hoe ek daardie kêrels dopgehou het! Ek het God die eerste keer gevind deur die natuur dop te hou, en te sien dat iets hulle gelei het.

28 Eendjies wat gebore is in die damme bo in Kanada, nog nooit van die dam af was nie, gebore is in die lente van die jaar, net vere gekry en 'n—'n—'n eend op die dam word. En hy is tevrede, hy kry baie om te eet, maar laat hierdie berg net met sneeu bedek word, en die eerste koue wind oor daardie berg kom, daardie leiertjie sal reguit uitgaan in die middel van die water, daardie trompetjie opsteek in die lug, en vier of vyf keer trompetter, en elke eend op die dam sal reguit na hom toe kom. Hy sal reguit van daardie dam af opstyg en net so reguit na Louisiana toe gaan as wat hy kan gaan, na die rysvelde toe met geen kompas nie. Hoekom is dit? Hulle noem dit instink; ek noem dit God. Dis God se voorsiende weg vir hom. En dit lyk asof wanneer hulle almal eendragtig is, hulle almal saamvlieg en reguit gaan. Maar laat hulle eenmaal verdeeld word!

29 *Look* tydskrif het vertel van 'n ou gansmannetjie wat opgestyg het in die noorde 'n tyd gelede, en hy het die pad byster geraak, en baie van die ganse het teruggevlieg en hom verlaat, maar hy het aangehou om na hulle te roep, en hy was so ver verdwaal dat hy al die pad na Engeland toe gevlieg het. Baie van hulle het omgekom op hulle reis, en dis hoe, ek bedoel dit nou nie kras nie, maar ek is seker dat baie van ons kerkleiers die kerk so laat gaan het.

30 En nou sê hulle dat elke jaar, daardie ganse, wanneer die herfs van die jaar kom, hulle swerm, bymekaarkom, hulle is gereed vir die herlewing, maar hulle weet nie watter kant toe om te gaan nie. Hulle is so ver van die pad af gelei, dat hulle nie weer hulle pad kan terugvind nie.

31 Ek dink dis omtrent hoe dit geraak het vandag, tot die kerk 'n sosiale bymekaarkom plek geword het in plaas van die leiding van die Heilige Gees en die doop weer terug. Die mense is so ver weg, hulle praat van herlewing in ons dae, Billy Graham noem dit soveel keer, en ek wil graag 'n herlewing in ons dae sien, maar daar was leiers wat die mense *hierdie* kant toe, en *daardie* kant toe, en *hierdie* kant toe, en *daardie* kant toe geneem het, totdat hulle nie weet watter kant toe om te gaan nie. O, ek bid dat God so 'n Gees van oortuiging in die Heilige Gees sal stuur dat hulle

sal terugkom na Sy leierskap, in plaas van ons moderne leiers van die dag, regoor die wêreld.

32 Ons volg nie ons sig nie. Iemand sê: "Kyk na *So-en-so* 'n kerk en *So-en-so* 'n denominasie." Dit het niks daarmee te doen nie, nie een ding daarmee te doen nie, alhoewel ek daardie dinge respekteer, en hulle is groot, en ek waardeer hulle. En die ding waarvoor ek bid, dat hulle daardie standaarde sal laat sak op so 'n manier dat hulle nie meer die mens se leiding wil neem nie, en terugkom na die Heilige Gees toe, daardie Instink wat in 'n mens is wat hom laat weet dat God hom van sonde red, en sy siel reinig met die krag van die herrese Christus, en sy siekte genees, die volle Evangelie, nie net genoeg om bedrieglik te wees nie. Satan het vir Eva genoeg gesê om bedrieglik te wees, hy het haar die waarheid vertel, maar nie die hele waarheid nie.

33 Nou, as God in die beheertoring kan kom, en wanneer die . . . "My skape ken My Stem." Wel nou, as hierdie, al hierdie vreemde stemme in die wêreld van hierdie sosiale evangelie: "Behoort net aan die kerk en dis al wat nodig is," waarom het dit nie iets gedoen nie? Dit het niks gedoen behalwe om die mense te verwar nie.

34 Wat ons vanaand nodig het, is 'n verenigde kerk, gevul met die Heilige Gees en krag van Bo, gelei deur die Gees van die lewende God in die beheertoring, wat nie sal sê: "Omdat ek 'n Baptis is en hy 'n Metodis is, sal ek niks met hom te doen hê nie." 'n Regte egte Gees van God sal sy broer of suster erken, ek gee nie om watter soort brandmerk hy dra nie. O, ons het weer die leierskap van die Heilige Gees nodig, te wandel volgens die onsigbare, die weg wat God ons lei. Die dinge wat ons sien, is tydelik, die dinge wat ons nie sien nie, is Ewig.

35 'n Tyd gelede was ek in Kanada besig om 'n diens te hou, en ek het in die straat afgeloop, en daar was 'n man wat televisies verkoop het. En hulle het 'n program gehad van oorkant in die State, en daar was 'n cowboy daar wat op 'n kitaar gespeel het. En hierdie man het vir my gesê: "Ek wil graag vir jou hierdie stel verkoop, man."

Ek het gesê: "Ek's net 'n toeris."

"O," het hy gesê: "ek sien." En hy het gesê: "Gaan jy net hier verby?"

Ek het gesê: "Nee, ek's hier in 'n diens."

"O," het hy gesê: "jy is nie dalk hier saam met hierdie Branhamgroep nie?"

Ek het gesê: "Ja, meneer, ek is."

En hy het gesê: "Wat dink jy van daardie kêrel?"

Wel, daar was niks wat ek op daardie tyd kon sê nie, ek het gesê: "O, ek dink die dienste is goed." Ek het gesê: "Was jy gisteraand daar?"

Hy het gesê: "Ja, ek was."

En ek het gesê: "Wat dink jy van daardie man wat van daardie bed af opgestaan het, daardie soldaat, wat Dit sy naam genoem het en vir hom gesê het wie hy was, en hoe hy vir jare in beproewing was?"

"O," het hy gesê: "ek dink niks daarvan nie, want ek sou dit bewys moes sien word, daardie hipnose werk nie vir my nie."

36 En, julle weet, my ou suidelike mamma het 'n uitdrukking gehad: "Gee die koei genoeg tou, dit sal ditself hang."

En ek het gesê: "Wel, wil jy . . .?"

Hy het gesê: "Enigiets wat nie wetenskaplik bewys kan word nie, dan dink ek daar's niks daaraan nie."

37 Maar ek het gesê: "Ek hou nie daarvan om te verskil nie, maar ek sal nou moet. Die dinge wat wetenskaplik bewys kan word, is nie werklik nie, dis net die dinge wat nie wetenskaplik bewys word nie, wat werklik is."

"O," het hy gesê: "Dis belaglik."

38 En ek het gesê: "Goed, ek wil vir jou iets vra: Kan jy vir my sê wat liefde is? Kan jy vir my wetenskaplik wys wat liefde is? Gaan onder na die apteek toe en koop vir my vyf-en-twintig sent se liefde, ek het nog nodig." Sien?

39 Jy kan dit nie sien nie. Dis die onsigbare! Wys vir my wat lewe is, ek het net nog 'n bietjie lewe nodig, kan jy vir my vyf-en-twintig sent daarvan gaan koop? Wys vir my wat lewe is, wat liefde is, wat persoonlikheid is, wat die Heilige Gees is, wat God is. Dis die onsigbare dinge wat werklik, blywend is. Hierdie dinge is tydelik en verganklik, tog plaas ons soveel klem en is so besorgd oor die natuurlike ding, en so min oor die geestelike ding.

En ek het gesê: "Byvoorbeeld, daar kom net nou televisiebeelde deur hierdie kamer." En ek het gesê: "Jy moet vir my die prentjie wys."

"O," het hy gesê: "natuurlik, dit tref die kristal, en dan dit, en die buise, ensovoorts, en dit wys die prentjie hier."

Maar ek het gesê: "Daardie man is in die Verenigde State." En ek het gesê: "Jy vang hom op hier oorkant, wat deur die lug kom wat jy nie kan sien nie."

Hy het gesê: "Maar ons kan dit bewys, want hier's die prentjie wat wys dat dit daar oorkant is, en daar's 'n uitsaaistasie om te bewys dat dit hier is."

40 Ek het gesê: "Ja, en ons kan dit ook bewys." [Leë kol op band—Red.] "Want in die Heerlikheid het ons 'n herrese Verlosser Wat dit uitstuur, en die Heilige Gees openbaar dit en maak dit duidelik, daarom het ons 'n uitsaaistasie en 'n ontvangsstasie."

41 Dis korrek. God in die Hemel, Wat alles weet, kan so 'n gawe in Sy Kerk plaas dat Hy dit kan verheerlik en Homself daardeur kan reflekteer, en dinge sê wat absoluut onmoontlik is om, deur wetenskaplikes te bewys. Sien, ons wandel nie volgens dinge wat ons nie . . . ons wel sien nie, ons wandel volgens dinge wat ons nie sien nie.

42 Kom ons neem 'n paar manne wat wel so gewandel het, wat gekyk het na die onsigbare: Noag, byvoorbeeld. Voor daar een druppel water uit die hemele geval het, het Noag die reën sien kom. Daar was nog nooit enige reëns uit die hemele gewees nie, die hemele was altyd helder, daar was geen wolke nie, was nog nooit 'n wolk op die aarde nie. Hoekom? Want dit was God se program om plantegroei deur die fonteine nat te maak, en dinge. Maar Noag, omdat God gesê het: "Dit gaan reën," het hy die reën sien kom 'n honderd-en-twintig jaar voor een geval het, en voorbereidings getref het om daarvan weg te kom.

43 Ek's so bly dat ons deur geloof die koms van die Here Jesus ver vooruit kan sien en voorbereidings tref om uit hierdie ou wêreld uit te kom wat een of ander tyd verbrand gaan word met onuitblusbare Vuur.

O, Noag, toe God gespreek en gesê het: "Noag!"

"Waar is U, Here?"

"Dit maak geen verskil waar Ek is nie. EK IS WAT EK IS. Dit gaan reën."

44 En vandat hy daardie Woord gehoor het, het daar iets in sy boesem geklop soos 'n polsslag: "Dit gaan reën. Dit gaan reën." En hy kon die wolke sien kom, en hy het voorbereidings getref daarvoor.

45 As hierdie mense hier in hierdie rolstoele, en op hierdie beddens, en julle wat siek is tot die dood toe, as julle net die Woord van God kon hoor vanaand, moet dit nie probeer uitredeneer nie, moenie dink hoe lank julle gesit het, hoe lank julle al siek was nie, dink aan wat God gesê het, en daar kom 'n polsslag van die Heilige Gees in jou hart wat sê: "Dis die waarheid."

"Hoe weet jy dis die waarheid?" het die duiwel gesê.

"Ek weet dis die waarheid, dis God se Woord, dis die waarheid."

46 Iets begin pols in jou boesem dat dit die waarheid is, maak dan gereed, jy kom daaruit, net so seker as wat ek in hierdie preekstoel staan vanaand. Moenie kyk na wat jy sien nie: "Hoe erg ek verlam is; hoe siek ek is," wat die dokter gesê het, moenie daarna kyk nie, kyk na die onsigbare, wat God gesê het. Voor jy enige verskil voel, voor die pyn weggaan, voor die hand beweeg, voor die oog nog een beeld kan sien, maak gereed dat dit gaan

kom, solank daardie polsslag in jou boesem begin opkom, in jou hart waar God in die beheertoring sit.

47 Nou raak ek godsdienstig omtrent hierdie tyd. Wanneer ek dink dat die Heilige Gees die mens kan lei, en hom dinge vertel, en hom anders laat optree, en hom dinge laat glo en dinge ontvang wat die wêreld nooit kan glo kan gebeur nie. Ek's 'n getuie, ek was self eenkeer 'n blinde man, omtrent, moes gelei word. So, ek weet nou waarvan ek praat, dat Dit die Heilige Gees is.

48 O, kan jy nie daardie polsslag van die Gees in jou hart voel opkom, en sê: "Jesus Christus is in ons midde. Waar twee of drie ook al vergader is in My Naam, daar sal Ek in hulle midde wees," nie. Polsslae, iets wat beweeg, soos 'n hartklop, dit pomp energie na jou gees toe, dit pomp energie na jou gemoed toe, laat dan die dinge wat julle oë sien uitdoof, dat jy nie die dinge van die wêreld sien nie, jy glo wat God gesê het.

49 Noag het gewag, geglo, beweeg deur vrees, en 'n ark gebou, hoewel gekritiseer. Wel, hulle het gesê: "Die ou kêrel moes mal gewees het." Maar tog, daar het nog nooit enige wolke gekom nie. Voor daar 'n wolk was, voor daar 'n—'n druppel water in die lug was, het Noag met die onsigbare van die natuurlike oog, met sy geestelike oog gevestig op die Woord van God, die reën sien val.

50 O, as ons vanaand in hierdie Angelus Tempel so ons harte kon instel, nie ons letterlike verstand nie, dit laat gaan, redenasies verwerp, maar met ons harte dit kon instel op die Woord van God, om 'n herlewing te sien uitbreek, om die altare vol te sien, om die kerk gevul te sien word, om die herlewing deur Los Angeles te sien versprei, 'n Vuur wat nie geblus kan word nie, sou ons harte begin klop onder die krag van die Heilige Gees, sou daar sulke bidure oor Los Angeles wees vanaand, dit sou moes gebeur. Sekerlik, dit sou, wanneer die Kerk ingestel is.

51 Wat as die mense hier vanaand wat siek is, sou begin dink: "God is God"? As Hy nie is nie, waarom Hom dien? As Hy nog steeds God is, is Hy nog steeds 'n Geneser; as Hy Almagtige God is, kan Hy. En as Hy 'n belofte gemaak het, kan Hy dit nie breek nie, Hy moet dit hou, dan begin daardie polsslag opkom in jou hart: "Iets gaan gebeur." Daar kan niks wees wat dit stop nie, dis 'n vuur, soos 'n—'n gebou wat brand op 'n winderige dag, dit hou net aan waai soos die Heilige Gees daardie vuur aanblaas. En dit hou aan brand totdat dit 'n werklikheid word vir jou.

52 Noag. . .Abraham, Hy het die Woord van God eendag met hom hoor praat, dat daar 'n Stad was wie se Boumeester en Oprigter God was. Hy kon nie die Stad sien nie, maar hy het sy klein sakkie op sy rug gesit en vertrek om daardie Stad te vind. Ek glo hy geniet dit vanaand. Sekerlik. Toe God vir Abraham gesê het wat Hy gedoen het, dat daar 'n Stad was wie se Boumeester en Oprigter God was, het hy alles opgepak wat

hy gehad het en begin soek na daardie Stad. Vyf-en-twintig jaar later, nadat die beloofde seun belowe is vir vyf-en-twintig jaar, het hy die seun ontvang, dat deur hom die poort oopgemaak het na daardie Stad vir Abraham en al sy kinders.

53 Hoekom? Hy kon dit nie sien nie. Hy het rondgedwaal in woestyne, en in die berge, en in die valleie, en in allerhande toestande, bely dat hy 'n pelgrim en 'n vreemdeling is, en hy gesoek het na 'n Stad wie se Boumeester en Oprigter God was.

54 Elke wedergebore kind vanaand kom deur Abraham se seëning, want dis die beloftes wat aan Abraham gegee is, en elke kind van God wat die Heilige Gees ontvang, sy polsslag is dieselfde. Ek soek na 'n Stad, dit is nie Los Angeles nie, dit is nie New York nie, dit is nie Louisville nie, dis die Hemel. En ons bely dat ons snaakse mense is, vreemdelinge, want ons soek na iets wat ons nie sien nie, maar iets in die beheertoring sê dis daar. Elke verlossingsseëning tussen hier en daar, dit het God belowe om vir ons te gee. En ons wandel, ons is pelgrims. Ek gee nie om wat *So-en-so* sê nie, ek weet Iets in my sê vir my dis werklik, ek begin net loop, kyk, prys, bely, sekerlik, want dit moet val, die Koning van die konings is die Een Wat dit verklaar het.

55 Moses, toe hy in Egipte was, daar het hy 'n keuse gehad om te maak. Eendag terwyl hy die groot generaal in die weermag was, het hy by dieselfde venster uitgekyk wat Farao het. Farao het die Israeliete gesien as niks behalwe 'n klomp moddertrappers nie, net slawe, hulle was nikswerd, al die Egiptenare het dieselfde na hulle gekyk, behalwe Moses. Kon niks in hulle sien wat mooi was nie, want hulle was verslete, hulle was arm, hulle was geslaan, hulle was 'n verwerpte volk deur die wêreld. En Moses wat staan met sy voet op die troon, en tog deur geloof, gekyk het na die onsigbare. Moses het geweier om die seun van Farao te wees, want hy het geweet hy was 'n seun van Abraham.

56 Sjoe! Nou, ek weet julle weet ek's 'n fanatikus. Ek's fanaties oor een ding, dis Jesus Christus en Sy beloftes. Moses sou liewer 'n seun van Abraham wees as om die seun van Farao te wees. Hoekom? Hy kon dit nie in die natuurlike sien nie, as hy die seun van Abraham was, was die modderputte vir hom, die slaafsweep. Wat was dit? Maar hy het uitgesien na die beloning, want hy het volhard asof hy Hom Wat onsigbaar is, gesien het, Wat die belofte gemaak het. Daar het julle dit.

57 Watter keuse maak jy vanaand, hier in Hollywood, en Los Angeles, en die modeplek van die wêreld, waar die mooi torings, en die torings, en al die res? Watter keuse maak jy? Laat ek vir jou sê, broer, suster, vind daardie Heilige Gees wat beheer neem in die hart en daardie polsslae begin kom dat God God is, en die dinge van die wêreld sal vergaan, dan wandel jy na die dinge wat jy nie sien nie.

58 Jy sal mal word vir die mense van die wêreld, hulle sal sê: "Wel, daardie vrou het haar verstand verloor. Daardie man het aan die diep kant afgegaan. Wel, hy sê dat hy genees is van kanker. Wel, hy's genees van sy blindheid. Hy is genees van *dit*, *dat*, of die *ander*." Of: "Hy sê dat hy die Heilige Gees ontvang het, wat hom verander het. Wel, hy kom nie eens meer in die potspelkamer nie. Ons vind hom nie by die kaarttafel nie. Hierdie vrou speel nie meer die kaarte nie. Sy het ophou vulgêre klere dra. Sy het 'n nuwe persoon geword, daar's iets verkeerd met haar."

59 Sekerlik, daar het iets met haar gebeur, die ou, vleeslike verstand het gesterf, en die gesindheid van Christus het die plek in die vrou se hart ingeneem, en nou wandel sy, op soek na 'n Stad waar sy gewild sal wees, waar sy sal ry op die strydwaens saam met die seuns en dogters van God, waar sy 'n—'n gas van die Here Jesus sal wees vir altyd. Sy soek na 'n Stad wie se Boumeester en Oprigter God is. Sy gee nie om vir die besoedeling van die wêreld nie. Sien, sy is op die troon geplaas deur Iets anders. God het in haar hart ingekom en dit het net die modes van die wêreld verduister; dis eerste, wanneer Hy beheer neem.

60 Dan wil ek hê julle moet oplet wat Moses gedoen het toe hy daardie visioen van die onsigbare gekry het. Hier het hy gestaan, daar was die troon, die hele wêreld het in sy hand gelê, elke mooi ding wat kon gebeur, die Farao van Egipte, en hy het al die geld gehad, die vroue, die pragtige meisies, en—en al die sosiale, en al die gewildheid, en—en die plesier van die wêreld het in sy hand gelê. Maar wat het hy afgekyk in die modderput? Dit kon hom niks anders as armoede belowe nie, 'n—'n val uit die—die gemeenskap waarin hy was, sy rug te draai op die glansryke dinge van die wêreld, hy moes na die modderputte toe gaan om een van hulle te word.

61 Ek onthou 'n tyd gelede toe 'n sekere denominasionele kerk waarin ek verordineer is, gesê het: "Billy, gaan uit saam met daardie klomp, en jy sal 'n holy-roller word."

62 Maar ek het uitgekyk na hulle, ek het 'n belofte in hulle gesien wat hulle nie skaam was vir die godsdiens wat hulle verteenwoordig het nie. Ek het gesien hulle was God se kinders, alles in die wêreld genoem, maar ek het gesien hulle was erfgename van die belofte, en ek het my plek saam met hulle ingeneem, om een van hulle te word.

63 Nou, dit is nie om met hulle te simpatiseer, en te sê: "O, ek dink hulle is gawe mense," nie. Dit help glad nie, jy moet een van hulle word. Moses het nie gesê: "Nou, ek simpatiseer met my volk, ek dink hulle is gaaf en alles, maar ek's hierbo, en hulle is daaronder," nie. Nee, Moses het gegaan om een van hulle te word, omdat hy volhard het deur Hom te sien Wat onsigbaar was. Hy het nie met sig gewandel nie, hy het gewandel met geloof, die onsigbare, iets het met hom gebeur.

64 En let op, toe dit geweeg is in die weegskaal vir 'n man . . . Nie een van julle het daardie soort geleentheid vanaand nie, maar as julle gehad het, watter keuse sou julle maak? Daar was die beste wat die wêreld kon gee, en hier was die ergste wat godsdiens kon gee, maar tog, die ergste wat godsdiens kon gee, het die beste wat die wêreld kon gee, oortref. So is dit vanaand vir enige man of vrou wat die dinge van die natuurlike oog sal versaak en die vleeslike verstand, en Christus in hulle hart ontvang, dit sal enigiets oortref wat die wêreld kan gee. Want wat kan die Ewige Lewe oortref? Daar is niks wat dit kan doen nie. Ek's so bly dat ek die balans gesien het. Sekerlik.

65 Kyk na Josua, kyk na Josua, voor een klip ooit uit die gebou uitgekom het van die mure van Jérigo, het Josua om die mure geloop en die oorwinning uitgeroep, want deur geloof het hy die oorwinning gesien. Hy het geweet die mure sou val, en hy het sy manne bewapen, en om, en om, en om Jérigo geloop vir sewe dae in volle wapenrusting. Wat gedoen? Want hy het gekyk na die onsigbare, dit was 'n belofte wat God gemaak het.

66 Hoeveel kan jy om 'n rolstoel loop? Hoeveel kan jy om die kanker loop? Hoeveel kan jy om sonde loop, die oorwinning uitroep wat God die belofte gegee het, wanneer jy Hom kan sien Wat onsigbaar is? Wanneer daardie polsslag in jou hart inkom en begin pols: "Ek is die Here Wat al jou krankhede genees." Wanneer jy dit kan sien, verswak al die res.

67 Josua het na die onsigbare gekyk, en hy het om die mure geloop, geglo dit sou gebeur. Dit hang alles af waarna jy kyk.

68 Toe hulle vir Daniël gesê het: "Die leeukuil is gereed vir jou," Daniël wat na die onsigbare gekyk het, het geweet dat daar 'n Engel van Vuur was Wat tussen hom en die leeus gestaan het. Daardie selfde Vuurkolom wat die kinders van Israel later gelei het. Want onthou, 'n dier is bang vir vuur. Toe daardie Vuurkolom tussen Daniël en die leeus gestaan het, het die leeus weggegaan en gemiaau soos katjies en gaan lê. Deur geloof, die onsigbare, was Daniël nie bang vir die leeu nie.

69 Toe die Hebreeuse kinders 'n—'n standpunt moes inneem dat hulle hulle godsdiens sou verloën, hulle hulle bonatuurlike God sou verloën, en glo in 'n formele god, het hulle deur geloof daardie vierde Man in die vuuroond gesien. Hulle het, beslis. Hulle het gesê: "Ons God is in staat om ons te verlos uit hierdie vuuroond." Wat het hulle gedoen? Hulle het die Onsigbare gesien. Hulle het daardie vuuroond voor hulle gesien, en hulle het die vierde Man daarin sien staan, wat die winde wegwaai van hulle af, daarom was hulle nie bang vir die vuuroond nie.

70 Enige man of vrou, as jy bang is wat jou ma sal sê, wat pa sal sê, wat die pastoor sal sê, wat *So-en-so* sal sê, is jy nog altyd bang en loop agter die dinge aan wat jy met jou oog sien. Maar wanneer jy dit laat vervaag . . . Wat die potspelkamergroep sal sê, wat die

rolprentgroep sal sê, wat die vroue waarmee jy assosieer sal sê, in die skool sal hulle jou outyds noem as jy die ruk-en-rol verlaat. Wat? Jy daarna gaan kyk, is jy in die vlees, maar wanneer God in die beheertoring kom, dan kyk jy na Hom, en is jy nie bang vir die Koning se opdragte nie, beslis nie.

71 Daar word vir my vertel dat 'n slang die oog van 'n voël kan vang, en hy, as hy die direkte houvas op daardie voël kan kry, kan hy daardie voël reg van sy sitplek laat afkom, reguit om, en om, en om, laat flatter en reguit na die slang se bek toe laat kom. Daar word vir my vertel dat die oog van 'n slang so sterk is, dat, wanneer dit die oog van 'n voël vang, dit hom betower, hom reguit in die slang inlok, en hulle sê daardie voëltjie sal fladder, en fladder, en fladder, afkom, en as dit nie gou sy kop begin oplig, en van daardie slang af wegskud, en boontoe begin kyk nie, sal dit nooit homself bevry nie, dis die enigste manier wat dit ditself kan bevry.

72 En dis hoe dit vanaand is met sommige van die voëltjies van hierdie land, hulle is gelok deur die dinge van die wêreld, deur 'n sosiale evangelie, deur te sê: "Kerkaansluiting is al wat nodig is, en die dae van wonderwerke is verby," totdat dit hulle betower het. Die enigste ding wat jy kan doen, is om jou vlerke te klap, en vinnig op te kyk, en Jesus te sien, nie die dinge van die wêreld nie. Moenie kyk, dinge wat die wêreld jou na toe lok, groot plekke, en verenigings, ensovoorts nie, maar kyk op en sien Jesus, fladder gou en kom daaruit, skud die ou stof van jou af, en vra vir die ou weg, want daarin is Lewe.

73 Daar is vir my vertel hierbuite by Barstow Veld, dink ek is wat hulle dit noem, waar hulle hierdie groot straalvliegtuie het, dat 'n straler in sy vlug, dit 'n sekere spoed bereik, en dan tref dit wat die klankgrens genoem word. En hulle sê dat daardie vliegtuig veg en skud, en veg en skud, terwyl dit deur daardie klankgrens probeer kom, tot dit lyk op die vlerke daarvan sal afskeur en die boute daaruit sal skeur terwyl dit deur daardie klankgrens gaan, maar wanneer dit eenmaal deur die klankgrens kom, dan is sy spoed onbeperk, dit kan net vry vlieg.

74 En die Kerk en julle wat hier sit vanaand, o, julle veg en veg, en God trek aan julle en wys julle dinge, as julle ooit deur daardie sondegrens van ongeloof kan kom, dan sal daar onbeperkte herlewing uitbreek deur die Verenigde State en oral, as julle deur daardie klankgrens kan gaan, daardie sondegrens van ongeloof. "O, is dit waar? Beteken dit ek? Kan ek genees word? Kan ek gered word? Kan ek gevul word met die Heilige Gees?" Gaan daar deur, hou net aan veg, veg, veg, totdat julle deurbreek en die Heilige Gees op julle kom, ek sê julle, dan is jy daar deur, en is daar vyftig myl beweegruimte.

75 Die Bybel het gesê: "Ons sien nie alles nie, maar ons sien wel Jesus." Dis Wie ek wil sien, ek wil Hom sien. Hoe sien ek Hom?

In die vervulling van Sy beloftes. Hy het belowe dat "Wie ook al wil, kan kom en vrylik drink van die waters van die Lewe. As jy dors is, kom. Hy wat hoor sê: 'Kom.'" Almal wat gewillig is om te kom, enig—enigiemand, wie ook al.

76 Ek sou liewer dat Hy gesê het *wie ook al*, as om *William Branham* te sê, daar kon meer William Branhams wees. Maar toe Hy gesê het *wie ook al*, weet ek Hy het my bedoel, en dit gee my 'n kans. "Wie ook al, mag kom en drink van die waters van die Lewe," God wat inkom.

77 Jy's sterwend, die dokters het jou opgegee, miskien het die—die wêreld jou opgegee, miskien het die kerk jou opgegee, maar Jesus het jou nooit opgegee nie. "Wie ook al homself sal verloën, en sy kruis opneem en My volg." Verloën wat jy dink, verloën jou verstandelike begrip, glo net wat God se Woord sê waarheid is en marsjeer voort Daarmee. Hou aan beweeg, sieker word, hou net aan beweeg, hou net aan, naderhand sal jy deur die grense breek, dan sal jy vry wees, dan kan jy Hom sien, dan sal Hy Homself aan jou openbaar, dan sal daardie Seun van God Wat die belofte gemaak het, vir jou werklik wees. Glo julle dit?

Kom ons buig ons hoofde nou net 'n oomblik buig vir gebed.

78 Dierbare Here, o, hoe ons daarvan hou om van U te praat, Here, in die wete dat hierdie groep met wie ons vanaand praat, eendag daar anderkant die blou hemel, ons hulle weer sal ontmoet. En ons sal die seëninge van God geniet wanneer ons daardie Stad bereik wie se Bouer en Oprigter God is. Daar sal nie enige ambulanse in daardie Stad wees nie, daar sal nie enige begraafplase net buitekant die Stad wees nie, daar sal nooit 'n begrafnis gepreek word in daardie Stad nie, daar sal nooit 'n sonde in daardie Stad wees nie, want sonde kan nie in daardie plek ingaan nie, daar sal geen siekte in daardie Stad wees nie, hulle sal geen dokters of medisyne in daardie Stad nodig hê nie, maar ons sal lewe in Sy gelykenis, gemaak na Sy beeld, gelykvormig gemaak word aan Sy glorie, en by Hom wees vir ewig. O God, hoe kan mans en vroue so-iets weier? Ons bid, Here, dat hulle vanaand sal kyk en sal wegdraai van hulle natuurlike denke af, en die Heilige Gees in hulle harte laat inkom en hulle 'n nuwe uitkyk gee dat hulle kan kyk na die dinge wat onsigbaar is.

79 Ons sien vanaand die eindtyd, ek sien 'n bom daar oorkant, ek sien die hemele aan die brand en die aarde wat brand met die hitte, ek sien mense hier in die strate inhardloop, skree en huil, maar dis te laat. Net soos Noag gepreek en geglo het, dan sal dit te laat wees, Here. O God, ek's so bly dat ons verder as dit kan sien. Jesus wat op Sy wit troon kom met tienduisende maal tienduisende van Sy heiliges, wat sê: "Gaan in die seëninge van die Here in wat vir julle voorberei is vanaf die grondlegging van

die wêreld." So bly, Here, dat ons mense in daardie rigting kan wys. Mag hulle hulle sondes versaak vanaand en U volg.

80 Terwyl ons ons hoofde gebuig het en elke hart wat bid, hoeveel in hierdie gehoor vanaand sou sê: "Here Jesus, ek glo dat ek te veel kyk na die dinge van die wêreld, miskien is U nie op die troon van my hart soos U behoort te wees nie, ek wil U hê, Here"? Sal jy jou hand opsteek na Hom, in stilte? God seën julle, dis goed. Wees baie eerlik.

81 Jy sê: "Broer Branham, kan ek seker wees dat jy die waarheid vertel?"

Wel, as julle my nie kan glo nie, glo die Woord.

82 Die Here is hier en Hy roep, Jesus roep nou saggies na julle. Terwyl jy 'n kans het, soos Eva gehad het, soos Adam gehad het, om 'n keuse te maak, nou, jy's 'n vrye morele agent, jy kan jou keuse maak, waar sal jy die Ewigheid deurbring? Tensy 'n mens wedergebore word, is hy verlore. Is jy wedergebore? As jy nie is nie, steek jou hand op, sê: "Bid vir my. Broer Branham, ek het nou jou gebede nodig." Dis reg. Regoor die vloer hier, die onderste vloere, die balkonne. Dis goed. Steek jou hand op, wees eerlik, wees net ten minste eerlik, vriende.

83 Voor die week verby is, of hierdie volgende week, gaan ek baie preek oor hierdie dinge, van die dofheid, hoedat die wêreld sy giftige asem in die gesig van die mense ingeblaas het wat hulle mislei het, hulle dink dat hulle Christene is, baie, terwyl hulle nie is nie. Jesus het gepraat van die teleurstellings daar. Moenie enige kans vat nie, vriend, jy het nie nog 'n kans nie, hierdie is al wat daar is. Miskien net die opsteek van jou hand na God toe vanaand, mag die verskil beteken. Sal jy dit doen voor ons bid? Enige ander wat nie opgestaan het nie? God seën julle, ver agter aan die agterkant, ons sien julle, deur die balkon daarbo. Moenie dink jy's te ver weg nie, jy is nie, Hy weet net waar jy is. Ons kyk na onsigbare dinge.

84 Jy sê: "Wel, wat sou ek nou doen as ek 'n wedergebore Christen word? Wat sou my baas sê?"

85 Dink aan wat jou Here sal sê as jy dit nie doen nie. Wie is die grootste? Jou baas? Jy mag hom volgende week begrawe, hy mag weg wees teen hierdie tyd, maar jou Jesus sal vir ewig wees. En om te dink dat, as jy in die hel is, geteister deur demone, wat lok, bose geeste rondom jou, wat by jou spook, vir altyd geskei van God, sonder hoop, wat van dan? En jy mag daar wees voor die son opkom in die oggend. Jy beter gereed wees, vriend. Moenie hierdie 'n grap maak nie, moet dit nie 'n televisieprogram maak nie. Onthou, dis die Evangelie, die Ewige Woord van God wat nie kan vergaan nie.

86 Net toe ek vanaand in die straat aangekom het, het ek 'n jong man gesien wat opgetel word van die straat af, en verbrysel. Sy motor het op 'n manier buite beheer geraak en 'n ander motor

getref, en die bloed het uit hom uitgevloei, die ambulans wat hom oplaai, en die seun wat daar lê, en sy mond oop, die bloed wat uit sy oë en ore uitloop, 'n kombers oor hom gelê, dit oor sy gesig getrek en hom in die ambulans ingestoot. Ek het daar gestaan, ek het gedink: "O God, het daardie seun ooit my diens bygewoon? Het ek lank genoeg oorreed? Het hy Jesus geken?" Dis nou alles verby.

87 En ek gee nou daardie geleentheid, vriend. Moenie aan hierdie aardse dinge dink nie, moenie aan môre dink nie, môre sal aan homself dink. Laat ons aan vandag en nou dink, terwyl Jesus naby is. Ons mag nie alles sien nie, maar ons sien Jesus, Wat na die beeld van die mens gemaak is om sonde van die mens weg te neem, om mense terug te bring na versoening van God ons Vader.

88 Is dit almal wat hulle hand wil opsteek vir gebed net voor ek bid? God seën jou hier, meneer. En jy hier in die rolstoel, God seën jou, meneer. Met daardie soort gesindheid, sal God beslis gebed vir jou beantwoord vanaand. Ek bedoel dit, meneer.

89 Here, hierdie kom naby aan die einde van die diens, daar is baie hande opgesteek. Hier sit 'n arme man wat hier gekluister sit in 'n rolstoel, hy het sy hande opgesteek. Daardie gesindheid, sekerlik, sal U hoor. En, O Here, daar's ander buite deur die gebou hier, miskien met hartprobleme, miskien op een of ander manier vol siekte wat hulle net nie kan sien hoe hulle ooit kan deurkom nie, maar ons bid tot God dat U sal onthou: "Hy wat na my toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." En miskien sal die uitbreek van hulle sondes en om hulle te verstrooi, hulle siekte wegneem, want ons besef dat siekte die eienskappe van sonde is, want sonde het siekte gebring.

90 En, Vader, ons bid dat U hierdie mense sal seën wat hulle hande opgesteek het, baie van hulle vanaand in die gehoor. En ons bid dat U hulle sal red, en mag van vanaand af, mag hulle deur geloof wandel, daardie dinge wat nie is nie, noem asof hulle is, soos Abraham van ouds. En as ons seuns en dogters van Abraham is, het ons sy Gees en glo ons die beloftes van God. [Leë kol op band—Red.] Skenk dit, Vader. Deur Jesus Christus' Naam, bid ek vir hulle, gee hulle vir U. Amen.

91 Bly net 'n oomblik in julle sitplekke. Ek het tyd geneem, gisteraand en vanaand het ek my perke oorskry. Toe ek gekom het, was ek net veronderstel om vir die siekes Vrydag te bid, of, Saterdag was dit, en Sondag. Maandag, Dinsdag en Woensdag, of, Maandag en Dinsdag was om die preekdiens te preek, en Woensdag was gebedsdiens. Donderdag, Vrydag, en Saterdag moes weer preekdiens wees, en dan genesingsdiens op Sondag. Ek dink dis hoe dit gegaan het. Maar deur die behoefte te sien, die behoefte om iets te verteenwoordig, het ek omtrent elke aand, gebed vir die siekes gehad.

92 Kyk, hoeveel is hier vir hulle eerste keer wat hulle ooit in een van my dienste was? Steek julle hande op. Amper die helfte van die gehoor. Hulle was nog nooit in die dienste nie. Hoeveel is hier wat siek is en gebed nodig het vir hulle liggame, sal julle nie julle hande opsteek nie? Kyk net, oral, oral.

93 O, dierbare, kosbare broer, suster, luister asseblief na wat ek so pas gesê het. Moenie na jou siekte kyk nie, jy kan nooit gesond word nie, moenie na jou beproewing kyk nie, kyk na Jesus, Hy's die Een.

94 Jy sê: "Broer Branham, as ek seker kon wees dat Hy hier was, as ek geweet het dat Hy hier was, sou ek gewillig gewees het om Hom in elke krag te aanvaar."

95 Sou julle dit doen? Steek julle hande op as julle seker is dat Hy hier is, julle Hom kon aanvaar, steek net julle hande op, almal wat sê dat "Ek's seker Hy's hier." Wel, wat sou Hy doen as Hy hier was?

96 Nou, as julle wat siek is. . . Nou, ek gaan wag, roep vir die altaar-oproep net binne 'n oomblik. Maar dat julle seker kan wees, die Bybel het gesê, en ek het pas aangehaal uit, ek dink dis die Boek van Hebreërs: "Ons wil," 2de hoofstuk die 9de vers: "ons sien Jesus. Menere, ons wil Jesus graag sien," het hulle gesê wat gekom het, daardie Grieke die keer.

97 Wat sou julle sien as Jesus hier was? Hy's hier in die vorm van die Heilige Gees, en Hy werk in Sy Kerk. Toe Jesus hier op aarde was in 'n liggaam van vlees, is daardie liggaam van vlees opgelig en sit aan die regterhand van God Almagtig as 'n Hoëpriester wat daar bly en voorspraak maak volgens ons belydenis. Glo julle dit? Dis wat die Hebreërs 3 sê. Dis wat dit is. Maar Hy het Sy Heilige Gees teruggestuur om Sy Kerk te salf, en in hierdie Kerk gawes geplaas om Hom te verteenwoordig vir die mense. Glo julle dit? En Sy bediening moet voortgesit word.

98 Dan bely ek vanaand dat die laaste teken aan elke geslag die openbaring van Jesus Christus die Messias was, wat Homself bekend maak aan die mense deur dieselfde tekens wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. Hierdie is vir nuwelinge. Hoe het Jesus Homself bekend gemaak? Toe. . . Een Johannes, of, Johannes die 1ste hoofstuk, is Petrus na Hom toe gebring, en Hy het hom geken, en Hy het sy naam genoem, Hy het hom nog nooit gesien nie, hy was 'n visserman, en Hy het vir hom gesê sy naam is Simon, en sy vader se naam was Jona. Petrus het dit geglo, dat Hy die Messias was, want Petrus het geweet dat wanneer die Messias sou kom, Hy die God-Profeet moes wees. Hoeveel glo dit? Sê: "Amen."

99 Moses het gesê: "Die Here julle God sal 'n Profeet oprig soos wat ek is." Hulle het geweet Hy sou 'n God-Profeet wees. En toe Filippus bekeer is deur Jesus dit te sien doen met Simon Petrus, en hy gegaan en vir Natánael onder 'n boom gekry het, aan die

bid, en hom teruggebring het na Jesus toe, en Jesus geweet het wie hy was, en vir hom gesê het waar hy was en wat hy gedoen het voor hy na die diens toe gekom het. Wat het Natánael gesê? "Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel." Is dit wat hy gesê het? Hoe. . .?

100 Sien, Hy het na Sy Eie toe gekom, die Jode het na Hom gesoek. Goed. Dit het die Jode verseël. Baie van hulle het gesê: "Hy's Beëlsebub, 'n fortuinverteller." Waar is hulle vanaand? Dit hang van hulle af. Jesus het gesê dit was onvergeeflik, om die Gees van God 'n onrein gees te noem, nie genoeg onderskeiding nie, nie genoeg troon in die hart van God om die verskil te ken tussen 'n goeie Gees en 'n verkeerde gees nie.

101 Nou, toe het die eerste ding gekom. Toe het die—die Samaritane na Hom gesoek. Hy kon nie by hulle verbygaan nie, hulle het gesoek na 'n Messias wat sou kom. Hoeveel glo dat hulle gesoek het na die Messias? Sê: "Amen." Maar ons Heidene het nie, het ons? Nee, ons het nie na enige Messias gesoek nie, ons was heidene op daardie tyd, weggevoer deur afgode. Maar die Samaritane het gesoek. So hulle het gekom, hulle wou sien. Hy—Hy moet hulle die Messiaanse teken wys.

102 Hy het vir Abraham die Messiaanse teken gewys toe Hy in menslike vlees was, gestaan en praat het met hom, en vir Sara vertel het. . . vir Abraham vertel het, gesê het: "Waarom het Sara gelag," toe die Bybel gesê het Hy het Sy rug gedraai gehad op die tent waar sy was. Is dit reg? Dit was net 'n paar uur voor die Vuur geval en Sodom verteer het.

103 Sien die Vuur wat nou kom? Sien dit daar hang? Al hierdie sure en dinge buite die aarde, en hulle wat probeer in die maan ingaan, en dinge, sal daardie ding aan die brand steek een van hierdie dae. En wat. . .? Daar sal geen ontsnapping wees nie. Sekerlik, daar sal nie enige wees nie. Alles, die hemele sal aan die brand wees. En buite om die vulkaniese sure, en dinge, wat om die rand van hierdie aarde hang, ensovoorts, dis waarom. . . Wetenskaplike sê dis een minuut voor middernag. En hier sit ons net en wag, sê: "Wel, wonder wat U gaan doen, Here?" En dis reg op ons, vriend. Nou, ons is nie op die radio vanaand nie, dis waarom ek hierdie net so dringend vir julle probeer maak as wat ek kan.

104 Let op, toe het Hy na Samaria toe gegaan en Hy het 'n vrou gevind, en so, Hy het vir haar gesê: "Gaan haal vir My 'n. . . bring vir My water om te drink."

En sy het gesê: "Dis nie die gebruik nie, ons het segregasie."

En so, het Hy 'n paar oomblikke met haar gepraat, toe het Hy gesê: "Gaan, haal jou man, en kom hiernatoe."

Sy het gesê: "Ek het nie 'n man nie."

Gesê: "Dis reg, jy het vyf, en die een met wie jy nou saamleef, is nie jou man nie."

105 Nou, kyk wat sy gesê het, aan julle nuwelinge, sy het nooit gesê Hy is Beëlsebub, 'n fortuinverteller, soos die priester en die prediker gesê het nie, maar sy het gesê: "Meneer, ek sien dat U 'n profeet is. Ons weet wanneer die Messias kom, sal Hy vir ons hierdie dinge vertel." Sien, hulle is geleer om te weet wat die Messiaanse teken was. En sy—sy het gesê: "Ons weet Messias, wanneer Hy kom, sal Hy vir ons sê. Maar Wie is U?"

Hy het gesê: "Ek is Hy wat met jou praat."

En sy het in die stad ingehardloop en gesê: "Kom, sien 'n Man Wat vir my die dinge vertel het wat ek gedoen het. Is Dit nie die Messias nie?"

106 Nou, as daardie selfde Jesus vanaand lewe, is Sy Gees hier, het belowe dat die dinge wat Hy gedoen het, ons ook sou doen, belowe dat die Ligte in die aandtyd hier sou wees, al die beloftes van die Skrif, en sien dat die wetenskap sê: "Dis middernag, dis treffend," en die Bybel wat elke padteken wys na die koms van die Here, en die kerk wat koud en formeel raak: "Wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het," al die tekens wat die Bybel gesê het, dan hier kom die Messiaanse teken wat weer reg onder ons val. Ons sien nie alles nie, maar ons kan Jesus sien.

107 Ek bid dat elkeen van julle hier in hierdie gebou vanaand daaraan sal dink en kyk of God enigiets aan julle openbaar, glo dit, slaan ag daarop, en sê: "O Here God, ek glo dit met alles wat in my is. En ek glo as U net met my sal praat . . . "

108 As God in hierdie gehoor sal spreek vanaand en Homself toon as die Messias, sal julle dit dan aanvaar? My seun het nie gebedskaartjies uitgegee, of Gene of Leo, of enige van hulle, vir twee of drie aande nie, maar bid julle nou.

109 Here, laat hierdie klein, gebroke Boodskappie vanaand, waaroor ek hier rondgestruikel het, om die leiding te probeer vind vir iets wat 'n herlewing sou breek . . . Dit lyk asof, Here, ek net nie daardie plek kan vind nie, dit lyk asof die mense steeds nie daarin kan inkom, op 'n manier nie. Die Woord gaan uit, ek's seker die Gees is hier. Here, wat is die uur waarin ons lewe? Is dit die uur van doodsheid? Is dit die uur dat die kerk aan die slaap gesus is deur die dinge van die wêreld, en deur allerhande dinge waarna hulle nie moes geluister het nie? Is daardie uur hier, Here?

110 O Vader God, hoe weet ek die son sal opkom in die oggend? Ek weet nie, maar ek bid U, Here, dat nog hierdie een keer vanaand, dat U sal uitbreek op hierdie gehoor. Spreek Self, Here, my stem is onvoldoende, maar wat ek hier het, gee ek oor aan U, want ek besef U kan nie hier kom in 'n vleeslike liggaam nie, want wanneer U kom, dan sal die dooies in Christus opstaan, dan sal

daar nie meer tyd wees nie. Maar U het die Heilige Gees gestuur om in en uit ons liggame te beweeg, en om te doen, en om U tekens en wonders te wys, dat die mense gered kan word deur U belofte.

111 U doen dit nie omdat U moet nie, U doen dit omdat dit U Woord is wat vervul word, U het dit belowe, Here. En ek bid dat dit nog een keer so sal wees vanaand, en dan sal ek hierdie gehoor aan U oorgee, dan, as ons nooit weer ontmoet nie, Here, is dit tussen hulle en U. Ontvang alles wat ons gedoen het, en seën diegene wat hulle hande opgesteek het, en ander dat hulle gered mag word. Want ons vra dit, in Jesus' Naam. Amen.

112 Ek wil julle onverdeelde aandag hê. Nou, hier's 'n ding wat op een of ander manier bewys moet word, dis óf reg, of dis óf verkeerd. Nou, sover ek weet, is daar nie 'n persoon in hierdie gehoor wat ek ken nie. Ek sien nie eens een persoon in die gehoor vanaand, wat ek ken nie. Hoeveel is vreemdelinge vir my, steek julle hande op, enige plek, weet net dat ek julle nie ken nie, dat ons vreemdelinge is, steek jou hand op.

113 Nou, julle siek mense, bid julle, en glo julle God met alles wat in julle is, en God sal beslis iets vir julle doen. "As julle kan glo, is alles moontlik."

114 Ek sê nie dat Hy sal nie, om te preek soos hierdie beweeg dit—dit jou soort van 'n bietjie, en . . . God is soewerein, Hy's almagtig, Hy's regverdig, Hy's sonder begin of einde.

115 Nou, julle sê: "Wat doen jy, Broer Branham?"

116 Ek wag vir sommige van julle mense daarbuite om die Hoëpriester aan te raak. Ek's net so hulpeloos soos hulpeloos kan wees. Toe Jesus hier op aarde was, was daar 'n vrou wat Sy kleed aangeraak het, en Hy het omgedraai, gesê: "Wie het My aangeraak?" En hy het oor 'n gehoor gekyk, miskien so groot soos hierdie, en Hy het die vrou gevind, vir haar gesê haar bloedvloeïng het gestop omdat sy geglo het. En die Bybel het gesê dat Hy net nou 'n Hoëpriester is, wat geraak kan word deur die gevoel van ons swakhede.

117 Ek kan jou nie genees nie, as Jesus net hier gestaan het, kon Hy jou nie genees nie; jy's alreeds genees. Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy gesê: "Dis volbring." Wat? "Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor; deur Sy wonde het daar vir jou genesing gekom." Die werk is volledig gedoen, dis jou geloof in 'n voltooide werk. Die Woord behoort voldoende te wees.

118 As ek nie jou woord geglo het nie, sou jy sê: "Laat hom gaan," ek mag dieselfde ding van jou sê, maar nie God nie, nie God nie; Hy, lankmoedig, stuur gawes, ensovoorts.

119 Reg agter in hierdie hoek, sien ek 'n man. Ek ken hom nie, ek het hom nog nooit in my lewe gesien sover ek weet nie, maar hy ly aan 'n sinustoestand, het iets verkeerd met sy duim. Mnr. Kopp, staan op. Jesus Christus maak jou gesond as jy dit glo, meneer.

120 Ek het nog nooit in my lewe die man gesien nie, hy's 'n totale vreemdeling vir my, ek ken nie die man nie, maar Jesus Christus ken hom wel. Is Hy nie wonderlik nie?

121 Hier's 'n dame wat hier sit en reguit na my kyk, bid, sê: "God, wees my genadig." Sy sit daar en ly aan artritis. Dis reg. Jy het gebid: "O Jesus, laat hy my roep." As dit reg is . . . Ek ken jou nie, ek het jou nog nooit in my lewe gesien nie. Glo jy God weet wie jy is? Mev. Hoist, jy mag nou huis toe gaan en gesond wees, as jy glo. Goed, meneer. Um-hum.

122 Die dame wat langs jou sit, is baie bly daaroor, want sy wil ook genees word, van haar spatare. Dis reg, dame. As dit is, steek jou hand op. Goed. Glo met jou hele hart, dan kan jy kry waarvoor jy vra.

123 Daardie mense, ek ken hulle nie. Steek julle hande op as ek nie julle mense ken nie. Dis reg. Sien? Wat is dit? Hulle raak die Hoëpriester aan, hulle raak aan. Ek het 'n derde hand daarbo gesien net 'n oomblik gelede, ek glo dit was die vrou wat langs haar gesit het. Het jy jou hand opgehad vir iets, suster? Glo jy dat God weet wat verkeerd is met jou? Het 'n breinbesering, daardie dame wat daar sit. Dis reg. Ek ken jou nie. As dit reg is, skud jou hand soos *hierdie*. Maar dit is veroorsaak deur 'n motorongeluk. As dit reg is, steek jou hande op soos *hierdie*. Goed, dis nou verby, jy kan huis toe gaan en gesond wees.

Wat het gebeur?

124 Hier sit 'n man, wat net hieronder sit en bid. Hy het gordelroos. Ek ken jou nie, ken ek, meneer? Ons is vreemdelinge. Dit reg? Steek jou hand op. Sal God vir my sê wie jy is, sal jy my dan glo? Goed, Mnr. Hughes, jy kan huis toe gaan en gesond wees. Goed, meneer, dis reg.

Hê geloof in God, moenie twyfel nie. Ons sien nie alles nie, maar ons sien Jesus.

125 Wat is daardie ou kêrel hier wat sy hand opgesteek het 'n rukkie gelede, hy wou gered word? Net hier in die rolstoel. Glo jy God ken jou, broer? Ek ken jou nie. Het jy 'n gebedskaartjie? Jy het nie? Goed. Glo jy God kan vir my sê wat jou probleem is? As Hy sou, sou jy glo Hy wil jou genees? Jy's geskadu tot die dood, dis kanker in die long. Maar glo jy dat God jou sal gesond maak? Jy glo? Dan, as ek in jou plek was, weet jy wat ek sou doen? Daar was eenkeer 'n paar melaatses wat by 'n poort gesit het, en hulle het gesê: "Waarom sit ons hier tot ons sterf? Laat ons opstaan en iets daaraan doen. As ons hier sit, sal ons sterf, as ons in die stad ingaan, sal hulle . . . hulle sterf daarbinne, so ons het geen keuse nie, as ons afgaan na die kamp toe, mag hulle ons spaar." Jy gaan sterf in daardie toestand terwyl jy in daardie rolstoel sit, Jesus Christus is nou jou enigste Hoop. Dis reg. So waarom staan jy nie op van daar af, en neem jou stoel, en gaan huis toe, en word gesond in die Naam van Jesus Christus nie!

126 Glo julle, elkeen van julle? Staan dan op julle voete, ek gee nie om wat verkeerd is met julle nie, staan op julle voete en glo God. Almal wat Christus wil ontvang op hierdie tyd, staan op julle voete, enige plek waar julle wil. Steek nou julle hande op in lofprysing aan God, steek julle hand op, glo Hom. Hier kom die man op uit die rolstoel. Kom ons sê: "Prys die Here," almal. Staan op ongeag van jou pyn!

127 O Here God, ons kyk na die onsigbare, ons glo nou dat U Jesus Christus die Seun van God is. Ons veroordeel elke gees van duiwel en twyfel, mag hulle na die Onsigbare wandel vanaand. Skenk dit, Here. Deur Jesus Christus die Seun van God, vra ons dit.

128 Prys Hom met julle hele hart, staan op uit julle stoele, oral, word gesond en genees in die Naam van Jesus Christus. God seën jou, broer, stap daar uit en gaan huis toe, maak jou gesond.

129 Terwyl julle op julle voete staan, en God prys, hoeveel wil, julle wat julle hande opgesteek het 'n rukkie gelede, glo dat God my gebed sal verhoor vir die verlossing van julle siel? Kom, loop nou hiernatoe terwyl ons sing: *Ek Sal Hom Prys*, *Ek Sal Hom Prys*. Komaan, loop reguit af in die paadjies hier nou, reg af om Jesus te ontvang. Hou julle hande op. Hou aan kyk na die Onsigbare, daardie klein polsslag in jou hart. Kom, beweeg reguit ondertoe.

130 Pols Hy jou?

Ek is die Here wat Christus uit die graf opgewek het,

Ek's die Een wat die Heilige Gees gestuur het,

Ek's die Een wat die belofte gee.

Broer Branham het niks hiermee te doen nie,

Ek het. . . Hy het sy lewe aan My oorgegee,

Ek gebruik sy gees, Ek praat deur sy lippe,

Dis Ek, Ek's die Here.

Kom ondertoe!

131 Almal nou, terwyl ons sing, kom reguit ondertoe.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars, prys;

Kom reguit aan. Komaan, almal.

Gee Hom glorie al julle mense,

132 Dank die Here! Daar gaan daardie man wat uit sy rolstoel uitloop, gered 'n paar minute gelede, Ewige Lewe gegee, genees deur die krag van God, wat wegstap. Prys Sy Naam!

. . . vlek.

Ek sal Hom prys,

Kom reguit aan nou. Voel daardie polsslag in jou hart?

Die Lam geslag vir sondaars, prys;
Gee Hom glorie al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas. (Gaan voort.)

133 Dink daaraan, daardie arme man wat ’n rukkie gelede daar gestaan het, het sy hand opgesteek as ’n sondaar. ’n Swart skaduwee het oor hom geflits, hy was sterwend, en hy het Christus ontvang, toe het sy hart begin klop. Wat het gebeur? Hy het begin glo toe die Heilige Gees ingekom het, want Dit het hom net in sy hart ontvang. Daar staan hy nou daar op sy pad na die Lewe, het Ewige Lewe en gaan fisies genees word, uit duisternis na die Lig gebring, uit—uit die dood na die Lewe.

134 O, hoe kan jy so ’n Verlosser weier, wanneer alle bewyse is dat Hy net hier is? Kom, sondaarvriend, kom afvallige, moenie skaam wees nie, jy sal jou meer skaam daarbo. Kom nou, sal julle nie? Komaan, terwyl hulle nou wag. Ons gee ruimte en tyd vir julle om te kom. Kom, elke siel nou, kom, prys Hom.

135 Hoeveel hierbinne is nie reg met God daaragter nie, steek jou hand op, wees so eerlik. Jy weet jy’s nie reg met God nie; Hy ken jou hart. Dankie, dame, dat jy so eerlik is. Dankie, meneer, dat jy so eerlik is. Dankie. Dankie. God seën jou. God seën jou daar.

136 Bo in die balkonne, nie reg met God nie, steek jou hand op, wees so eerlik, sê: “Ek weet ek’s nie reg nie. Ek het nie genoeg moed om te kom nie, maar ek weet ek’s nie reg nie.” Steek julle hande op. Die Here seën julle. Dis goed. Hier oorkant. Die Here ken jou. Dis goed. Kom reguit ondertoe.

137 Hoeveel hierbinne wat nou die Heilige Gees wil hê, wat nie die Heilige Gees het nie? Kom julle ondertoe. Kom ondertoe, hierdie is die tyd om die Heilige Gees te ontvang. “As iemand nie wedergebore word nie, kan hy nie eens die Koninkryk van God verstaan nie.” Dink daaraan. Kom reguit ondertoe nou, terwyl ons nog een keer sing.

Ek sal Hom prys, . . .

Komaan prys Hom. Hou daaraan vas.

. . . sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars, prys;
Gee Hom glorie al julle mense,
Want Sy Bloed het elke vlek weggewas.

Ek sal prys . . . , (God, solank ek asem het, en by my volle verstand!) Ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars, prys;
Gee Hom glorie al julle mense,
Want Sy Bloed kan wegwas . . .

138 Kan julle daardie baie gewyde gevoel nou oor die kerk voel kom? Hoeveel kan daarvan getuig? Wat is dit? Dis die Heilige Gees rondom hierdie berouvolle sondaars. Sien? Dis verlossing.

Hulle beweeg nou in nuwe Lewe in. O, ons behoort ons hoofde baie eerbiediglik te buig en stil te sing terwyl die res van hulle kom.

Ek sal Hom prys, ek sal Hom prys,
Die Lam geslag vir sondaars, prys;
Gee Hom glorie al julle mense,
Want Sy Bloed kan elke vlek wegwas.

Ek het Hom lief,

Eerbiediglik nou.

. . . Hom lief,
Omdat Hy eers . . .

Sing dit, Christen.

. . . my
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

139 O, hoe ons dit behoort te sing!

Ek . . .

Sluit nou die wêreld uit, kry julle sintuie weg, laat die Gees inkom.

Ek . . . (Daardie beweging van die Gees!)
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

140 O, die soetheid van die Gees! Ek hou net daarvan om hierin te baai. Geseënd sy Sy Naam! Prys God! Prys God!

. . . my verlossing gekoop het
Op Gólgota's boom.

141 Julle kom na die kruis waar Jesus dit alles betaal het, julle kom na waar julle uitgenooi word, daar word nie van julle verwag om weg te draai nie, maar julle word uitgenooi na die kruis. Onthou Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie." God het julle hiernatoe getrek. "En almal wat na My toe kom, Ek sal hom Ewige Lewe gee, en sal hom opwek in die laaste dag." God se Ewige Gees hier, wat Ewige Lewe gee.

Ek het Hom lief, . . .

O, aanbid Hom, vriende. Die boodskap is verby, laat ons Hom nou aanbid.

Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's . . .

142 Dink net daaraan, vriende! Nou terwyl sondaars wedergebore word rondom die altaar, laat ons Christene

weer in die Gees aanbid terwyl ons ons hande stil opsteek en nou vir Hom sien in die eerbied van ons hart, komaan.

> Ek het Hom lief, ek het Hom lief,
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

143 Nou laat die Christene baie saggies uitreik, handskud met iemand agter julle, voor julle, en langsaan terwyl ons dit nou weer sing. Maak vriende, al julle Baptiste en Metodiste, almal, skud hande met 'n Pinkster, en Pinkster skud hand met hulle, ons is almal een.

> Ek het Hom lief, (Dis reg.) ek . . .

As daar enige wrokke onder julle is, skik dit net nou.

> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's . . .

144 Goed, broer . . .? . . .

59-0410 Kyk Na Die Onsigbare
Angelus Tempel
Los Angeles, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org